

2 November

Skrifgedeelte: 2 Petrus 3:14-18

Iets van die nuwe aarde en die nuwe hemel in jou lewe

God het aan ons 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde beloof. Op hierdie nuwe hemel en aarde sal daar nooit weer sonde gedoen word nie, want God se wil sal daar heers. Petrus skryf dat God se wil daar woning sal maak (vers 13). Die verrassende is egter dat iets van die heerlijkheid van die nuwe aarde en die nuwe hemel al op die ou aarde sigbaar word. Waar? In die lewe van dié mense wat later op die nuwe aarde gaan woon. In die lewe dus van dié mense wat deur Christus verlos is en deur die Gees vernuwe word. Iets van die heerlijkheid van die nuwe aarde en die nuwe hemel word sigbaar wanneer gelowiges deur die werking van die Gees hulle beywer om reeds op die ou aarde vlekkeloos, onberispelik en in vrede met God te lewe (vers 14). Dit word sigbaar wanneer ons nie toelaat dat beginsellose mense wat die Skrif verdraai ons van ons geloofstandvastigheid beroof nie (vers 18). Dit word ook sigbaar wanneer ons al hoe meer die heerlike genade ervaar wat God in Christus aan ons bewys het en ons groei in die kennis van ons Saligmaker (vers 19). Gelowige, jy is 'n mens van die nuwe aarde. Beywer jou daarom nou al daarvoor om op die ou aarde die lewe van die nuwe hemel en die nuwe aarde te leef.

Sing: Skrifberyming 45:1,12

Dr DG Breed (Waterkloofrand)